BERG-EN-DAL VOETSLAANKLUB/HIKING CLUB

VRYWARING

1. Ek, ... (Volle name en Van),

   (ID .....), die ondergetekende, in my persoonlike hoedanigheid en as gevolg van my deelname aan die aktiwiteite wat deur die Berg-en-Dal Voetslaanklub aangebied word, vrywaar die lede, gaste asook die komitee van die Berg-en-Dal Voetslaanklub teen enige aanspreeklikheid en doen ek hiermee afstand van enige eise wat mag voortspruit uit:

   1.1. Liggaamlike en/of persoonlike beserings, dood en/of enige skade aan myself asook aan die minderjarige kind/kinders wat my vergesel

   1.2. Skade aan of verlies van eiendom en besittings wat aan my of die minderjarige kind/kinders behoort wat my vergesel, of wat in ons besit is

   1.3. Enige ander persoonlike of finansiële skade of verlies van welke aard ookal

2. Welke bogenoemde ookal veroorsaak mag wees deur nalatigheid van die Stapleier of Komiteelede van die die Berg-en-Dal Voetslaanklub en of dit direk of indirek voortvloei uit die gebruik deur myself of my minderjarige kind/kinders van die vervoer van en na staproetes of aktiwiteite op 'n staproete of enige ander aktiwiteite van die Berg-en-Dal Voetslaanklub.
3. Ek besef dat die gebruik van die voormelde vervoer en deelname aan die stapaktiwiteite van die Berg-en-Dal Voetslaanklub op my en die minderjarige kind/kinders wat my vergesel, se eie risiko plaasvind.
4. Ek is ten volle daarvan bewus dat ek verantwoordelik is vir my eie Publieke Aanspreeklikheids-versekering indien 'n lid van die publiek beseer word of skade lei as gevolg van die nalatige gedrag van my of en die minderjarige kind/kinders wat my op uitstappies vergesel, en 'n gevolglike eis instel.
5. Hierdie vrywaring is nie 'n afstanddoening van my regte of eise teenoor enige ander party of instansie wat nie hierin genoem word nie, teen wie ek regtens 'n eis mag hê.
6. Ek neem hiermee volle verantwoordelikheid vir die minderjarige kind/kinders hieronder vermeld.

Selfoonnommer: .....

Eposadres: .....

Kontakpersone name en telefoon-
nommers in geval van nood: 1. .....

2. .....

Handtekening .....

Geteken te ..... op ..... 20.....

Name van minderjariges .....

Getuie: 1 .....

Getuie: 2 .....